# NUUSBROKKIES

## Sondag 24 Maart 2024

### LIEF EN LEED

**Beterskapwense**

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

**Hartlike gelukwense aan die volgende predikante / professore en eggenotes met hul verjaardag**



| | |
|---|---|
| 22 Maart | Ds CJC (Christie) Roets – GK Alberton-Wes |
| 24 Maart | Ds TJ (Tommie) van Vuuren – GK Heilbron |
| | Ds R (Reghard) Janse van Rensburg – GK Delmas |
| 25 Maart | Ds JP du P (Johannes) Aucamp – GK Rietvallei |
| | Mev U (Urna) van Heyningen, eggenote van ds CJ (Johan) van Heyningen – GK Stellenbosch |
| 26 Maart | Dr J (Jan) Lion-Cachet – GK Klerksdorp |
| | Dr PJ (Petrus) Venter – GK Postmasburg |
| | Mev LA (Lammarie) van der Westhuizen, eggenote van ds AP (Peet) van der Westhuizen – GK Wolmaransstad |
| 27 Maart | Ds WH (Willem) van Heerden – GK Parys |
| 28 Maart | Ds CJ (Innes) Nagel – GK Louis Trichardt |
| | Mev CJ (Corrie) de Beer, eggenote van dr EJ (Edmund) de Beer – GK Laeveld |
| | Mev M (Madeleen) Schutte, eggenote van ds HW (Hennie) Schutte – GK Wesrand |
| 30 Maart | Ds J (Jaco) Cronje – GK Bloempark |
| 31 Maart | Ds FF (Frikkie) Deysel – GK Venterstad |

**Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaardae**

| | |
|---|---|
| 21 Maart | Mev SE (Elize) Minnaar, weduwee van ds ICJ (Sakkie) Minnaar – GK Bergbron |
| 23 Maart | Mev MJ (Juliana) Kruger, weduwee van dr MP (Pieter) Kruger – GK Silverton |

24 Maart — Mev EA (Betsie) Buys, weduwee van ds GH (Hendrikus) Buys – GK Krokodilrivier

25 Maart — Ds PGW (Pieter) de Beer – GK Rustenburg
Mev L (Louisa) Schalekamp, eggenote van dr ME (Etienne) Schalekamp – GK Ontdekkers

26 Maart — Mev S (Sunette) Janse van Rensburg, eggenote van prof JJ (Fika) Janse van Rensburg – TSP

29 Maart — Mev D (Dicky) Venter, weduwee van dr JL (Jan) Venter – GK Pretoria-Annlin
Ds SL (Sedric) Oostruis – GK Metsi a Matala

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*

## Geboortes



**Hartlike gelukwense aan:**

- Ds Nikolaas en Hanlie Pienaar van GK Hermanus met die geboorte van ‘n dogtertjie

# KERKLIKE ADMINISTRASIE



**Beroepe ontvang**

- Ds J (Johan) Dunn van GK Keetmanshoop/Mariental [Namibië] na GK Sasolburg

**Beroepe bedank**

- Ds PC (Nelius) van Rooy van GK Elandskraal na GK Pietermaritzburg

---

# *GEDAGTE VIR DIE WEEK*



Met my hele hart
wil ek die Here loof
in die samekoms van die opregtes,
in die gemeente.
*Psalm 111:1*

## Boekbekendstelling




**Dr Dick Moes** – Predikant 'n predikant van die URCNA, met wie die GKSA eenheidsbande het

*In Participation and Covenant: Contours of a Theodramatic Theology*, Moes develops a theological framework that has participation in the life of God in Christ through the Spirit as its integrative center. In doing so, he enters into conversation with covenant or federal theology, particularly as it has been presented by Michael Horton, in which the integrative center is the concept of the covenant. He argues that God's fundamental relationship with humanity does not entail a covenant ontology—a fundamentally legal and ethical relationship to God, as we find in Horton's presentation—but rather an ontology of participating in God's loving presence in Christ through the Holy Spirit. For this relationship we were created, and this participation is therefore natural to us. Accordingly, a theodramatic framework that incorporates a reframed understanding of divine-human covenants and that has participation in the life of God in Christ by the Spirit as its integrative center is better able to give direction for clearly communicating the gospel in our secular culture and for properly shaping our Christian identity and practice—in the face of the secularism that affects the church, too—than Horton's framework of covenant theology.

Die boek (in sy D. Phil studie formaat), is aanlyn beskikbaar: https://dspace.nwu.ac.za/handle/10394/39616

# Proponente beroepbaar gestel

| | | | |
|---|---|---|---|
|  | Proponent C.J. (Christiaan) en Marlize Swanepoel<br>Sel: 073 769 0455<br>E-pos |  | Proponent Thina Nthangeni<br>Sel: 072 085 7146<br>E-pos:<br>tcnthangeni@gmail.com<br>of<br>nthangenit@elections.org.za |
|  | Proponent KN Lepodise (Koketso)<br>Sel: 073 717 4394<br>E-pos:<br>koketsolepodise@gmail.com |  | Proponent X.O. (Xolisa) en Bontle Leah Matrose<br>Sel: 063 211 9497<br>E-pos:<br>pastormatroseinfo@gmail.com |




---

## Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Die Bybelgenootskap van Suid Afrika (BSA) se bestaan was vir byna 40 jaar geïnkorporeer deur Wet 15 van 1970. Die koöperatiewe bestuur het bestaan uit streekverteenwoordiging wat een keer per jaar vergader het. Vanuit hierdie vergadering is 'n Uitvoerende Komitee verkies.



Die herroepingswet is op 30 Maart 2009 onderteken en vanaf 1 April 2009 funksioneer die Bybelgenootskap as 'n maatskappy sonder winsoogmerk. Prof Rantoa Letšosa, mev Martie de Jager en ds Rodney van Wyk was in hierdie tyd deel van die Uitvoerende Komitee en was saam met die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering, ds Tony Simpson, verkies as die eerste Direkteure van die Bybelgenootskap. Mnr Rodney Basson, die Eretesourier, is verkies as die Finansiële Direkteur. Die Uitvoerende lede

van die Raad van Direkteure was ds Gerrit Kritzinger (as die Uitvoerende Hoof) en ds Rikus Geyer. Na ds Van Wyk se drie-jaar termyn as Direkteur word hy verkies tot Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering en dien vir twee termyne (ses jaar) as Voorsitter van die Direksie. Na voltooiing van sy termyn as Voorsitter, word hy vir nog twee jaar aangewys as Direkteur.



In Maart 2023 word ds Rodney van Wyk vir twee jaar aangestel as Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap. Tydens dieselfde vergadering word prof Letšosa as Direkteur aangewys. Tydens die onlangse Algemene Jaarvergadering op 14 Maart 2024 was die termyn van ds Van Wyk met nog ’n jaar verleng en prof Letšosa is as Voorsitter van die Raad van Direkteure verkies. Daarmee is hierdie twee Gereformeerde predikante weereens saam in diens van die Bybelgenootskap.

Daar is baie nuwe verwikkelinge by die Bybelgenootskap. Daar word gewerk aan vier eerste Bybelvertalings, terwyl vyf bestaande vertalings hersien word. Digitale ontwikkeling en ‘n fokus op ons jeug geniet groter aandag, terwyl ‘n volhoubare besigheidsmodel vir die Bybelgenootskap in vooruitsig gestel word.

Ds Van Wyk spreek sy dank uit teenoor die kerk vir die vertroue wat in hom gestel is om die BSA in hierdie kritieke ontwikkelingstadium te bestuur. Hy is dankbaar teenoor die Here en sy kerk wat die wonderlike werk van die Bybelgenootskap moontlik maak.






Lnr: Prof Naas Ferreira [TSP – geordende lid namens GKSA], ds Norman Ligege [GK De Hoop – verteenwoordiger Noordelike Streek], dr Wymie du Plessis – nie-geordende lid namens GKSA], prof Rantoa Letsosa [GK Boskop – Direkteur op Raad van BGSA] en ds Rodney van Wyk [GK Grassypark – Uitvoerende Hoof van BGSA]


- Prof Rantoa Letsosa is op die Algemene Jaarvergadering van 14 Maart 2024, as die nuwe Voorsitter van die Raad van Direkteure van die BGSA verkies


# GEREFORMEERDE PUBLIKASIES
# (Calvyn Jubileumboekefonds = CJBF)

**Bestel by: Administratiewe Buro**
E-pos: bestellings@gksa.co.za
Tel: 018 297 3986
**(verpakking en koerierkoste uitgesluit)**











## Calvyn Institusie is R950 vir stel

# POTCHEFSTROOMSE TEOLOGIESE PUBLIKASIES (PTP)

**Bestel by: Administratiewe Buro**
E-pos: bestellings@gksa.co.za
Tel: 018 297 3986
**(verpakking en koerierkoste uitgesluit)**

| | |
|---|---|
|  ***R100.00*** |  ***R100.00*** |
|  ***R99.00*** |  ***R200.00*** |